

1. Korinther 9, 24 - 27
Septuagesimae 24 Jan. 2016

Weet julle nie dat die wat op die baan hardloop, wel almal hardloop, maar dat één die prys ontvang nie? Hardloop dan só dat julle dit sekerlik kan behaal.

En elkeen wat aan 'n wedstryd deelneem, onthou hom in alles - hulle nogal om 'n verganklike krans te ontvang, maar ons 'n onverganklike.

Ek hardloop dan soos iemand wat nie onseker is nie; ek slaan met die vuis soos een wat nie in die lug slaan nie. Maar ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar, dat ek nie miskien, terwyl ek vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie.

Liewe gemeente,

Die wedloop van die lewe ... hoe lyk joune? Vertel vir my bietjie wat alles in jou lewe gebeur het. Ja, sou dit nie wonderlik wees as elkeen van ons nou 'n spreekbeurt sou kry nie?! (teen vanmiddag bestel ons pizza en vanaand van ons 'n breuk - ek nooi julle almal uit vir aandete; more gaan ons aan ... 😊)

Dit sal baie gou duidelik word dat ons nie téén mekaar kompeteer nie - elkeen het sy eie wedstryd.

Weet julle wat vir my so fasinierend wonderlik is om besoeke

by die ouetehuis te doen? Hier is só veel wysheid en lewenservaringe bymekaar dat ek inderdaad weke-lank sou kon luister. En die verhale is nie net interessant nie, maar ook lewensverryking vir my eie lewe. Ek is mos besig met my eie lewenswedloop, en dan help die wyskede geweldig van diegene wat al voor my deur sekere hoogte- en laagtepunte gegaan het.

So wil ons ook aan die begin van hierdie opwindende jaar 2016 luister na die wyskede van die Apostel Paulus, en die beelde en vergelykings wat hy vir ons bring - sodat ons 'n gelukige en gevulde lewe kan hê, en die einddoel sal behaal!

Julle weet dat Paulus 'n passie gehad het om Christus oorals in die wêreld te bring. Hyself het diepe insigte gekry in **wie Jesus Christus is** - Hy, wat in Bethlehem gebore is, die Ene wat vir omtrent 30 jaar op hierdie aarde gewandel het en gepreek en wonderwerke gedoen het. Hy wat elendig aan die kruis doodgebloei het en met mag en luister seëvierend uit die dood opgestaan het - dit is Hy wat as die Verlosser van die wêreld nou uitreik na jou en my. Hy wil ons saam met Hom verenig en uiteindelik in sy ewige tuiste saamneem. Hy is die alomvattende mag in die kosmos. Hy's aan die werk in die grootste en wyste sterrestelsel en net so is Hy aan die werk in kleinster atoom, die aller kleinste quantum, ja selfs in die onsigbare wêreld. Aan Hom behoort die krag en die heerlijkheid tot in ewigheid. Amen!!

En Paulus verduidelik met die alle ernstigste enustiasme: **dit is ook Hy wat die hoof van die kerk is en Hy roep vir jou en my en rus ons toe met die Gawes van die Gees sodat ook ons tot insig van die waarheid sal kom en ons lewens hier-en-nou tot maksimale potensiaal sal lewe. Daar's nie 'n meer intense, wonderliker en blymakende boodskap in hierdie wêreld nie as wysheid van JESUS Christus! Aan Hom is Paulus met hart en siel toegewyd.**

Sien, sommige mense het niks teen die Evangelie nie. Trouens, hulle hoop om dalk moontlik ook eendag hemel toe te gaan, maar hulle het geen regte belangstelling nie. Hulle hoop maar om so "deur die agterdeur" in te glip, sonder moeite, sonder insette, en ek mag byvoeg, sonder veel insigte nie. Hulle sê mos: ons word *uit genade alleen gered* - so, "ek hoef seker nie veel te doen nie; ek vat dit rustig", dink hulle. Wat sê jy?



En in die gemeente te Korintië het mense nog 'n verskoning uitgedink om geen moeite te doen nie: "ons is mos vry in Christus, vry van die wet; ons kan mos doen-en-laai wat ons wil, nie waar nie?" (Ons kan kos eet wat aan ander gode geoffer was en ons kan seksueel losbandig wees, want Christus het ons vry gemaak van die wet)

O, lieue vriende, dis gevaarlik om só die Evangelie te verdraai en te misbruik om vir jou eie laksheid en wellus vrye teuls te gee. Allermens nee, en nogmals nee, antwoord Paulus, sulke persone ageer glad nie uit liefde vir die Here nie; hulle word nog beheers deur die "god van hierdie wêreld" en hulle verstand is verduister en hulle loon is die verdoemenis. Ons egter wat die Here leer ken het, weet dat **die krag van God in ons** aan die werk is. Ons word geaktiveer, kreatief gemaak. Het die Here God dan sy alles gegee om ons te red, en dit is Hy wat met sy goddelike Gees in ons werk, dan sal ook ons ons alles vir Hom gee.

Die heil van God is mos omvattend vir tyd en ewigheid, van die dag van my doop en vir altyd; die redding raak my liggaam, siel en gees; dit beïnvloed my werk en vryetydsbesteding, my stokperties en my slaapkamer, my vriendekring en my gemeenskap, ja selfs die natuur met alle plante, diere, lug en see word deur God se heilswerk geraak. En ons wat met Hom verbonde is, sal alles insit om die heil uit te dra, om te genees, om te vertroos soos God vertroos, om dinge mooi te maak, om die gemeenskap te bou sodat ons in vrede mag lewe, ens ens en om uiteindelik die doel te behaal - naamlik die hemelse heerlikheid wat nou al voorberei is vir almal wat na Christus se koms uitsien.

As voorbeeld vir die regte ingesteldheid in hierdie wedloop van die lewe neem Paulus homself. Sjoeg, ek wonder maar net, hoeveel van ons sou kon opstaan en vir ander te sê: kyk na my - ek doen die regte ding wat na 'n suksesvolle, gevulde lewe lei. Wel, daar is ook soveel ander voorbeelde in die lewe waaruit ons kan leer.

Een van hulle is sport, sportmanne en vrouens - kyk maar wat hulle doen om die doel te behaal. Ons kan verwys na sportmanne op die Krieketveld, maar ook rugby of sokker of dan soos Paulus doen, na atletiek.

Dis goed as ons so bietjie stilstaan wat in die stad Korint aangegaan het. Korint was 'n welvaardende handelsstad in Griekeland vol van tempels, gode en godsdienste en natuurlik skole van filosofie en die kunste; en die Korintiërs was mal oor sport. Nou moet ons weet dat Korint die tuiste was van die sogenaamde **Istmian-spele**. Die naam kom oorspronklik van 'n streek daar naby Korint waar dan ook sekere god hulle tempels gehad het. Die Istmian-spele was die wêreldwyd vir honderde jare die tweede-belangrikste spele in die antieke wêreld, net naas die olimpiese spele in Atene. Elke twee jaar kom sportmanne (en later word gesê ook sportdames) byeen om aan verskeie ietems deel te neem - perd-ry, hardloop, boks en nog baan-ietems. Trouens hulle het al 'n jaar vooraf in Korint gearriveer om hulle aan die hartste en uitmergelende oefeninge bloot te stel. Dit was nie selde nie of sommige atlete is as lyke van die veld gedra, want om te wen, is alles.


En ons moet weet dat by hierdie spele is daar slegs één wenner. Daar is nie 'n silwer- of bronsmedalje nie. Daar was nie eers 'n goudmedalje nie. Die een wenner ontvang 'n krans op sy hoof. En die kraans is van óf dennehout-takkies gevleg óf van seldery (Engels *celery*, Duits *Sellerie*)



- en jy weet hoe lank dit hou, nie waar nie? Daarby egter is die wenner omtrend as semi-gode vereer; daar's 'n standbeeld vir hulle opgerig. Die wenner ontvang ook 'n groot bedrag geld en is vir die res van sy lewe van belasting onthef - nou dis aantreklik ook in vandag se terme.



Elke atleet moet homself geheel-en-al toewy om uiters fiks in hierdie spele in te gaan. Alle lewensterreine word vir hulle georganiseer, elke dag, winter en somer, sneeu of hitte. Ons neem aan, wanneer Paulus hierdie vergelyking inbring, het die gemeentelede in Korint presies geweet waarvan hy praat.



[Net so terloops ... Paulus het tydens sy verblyf in Korin van 1 ½ jaar geen vergoeding van die gemeente ontvang nie. Paulus het op sy eie tente gemaak. En die antike geskryfte vertel dat atlete wat vir die jaar lange voorbereiding na Korint gekom het, in tente gebly het. Wat 'n wonderlike manier om met jou ambag uit te reik - kan dit wees dat van die atlete in tente gebly het wat deur Paulus vervaardig was?]

Om te wen, is alles! skryf Paulus aan die Korintiërs. Julle weet dit mos reeds van die atlete, nie waar nie? Hulle oefen om 'n verganklike prys te behaal. Ag man, weet jy nog, wie was die naaswenner van die Curriebeker in 2006? Ek weet nie eers wie die wenner was nie, wat dan nog van 'n naaswenner (toevallig in 2006 is die enigste keer dat die kroon gedeel is tussen Cheetahs & Blue Bulls) - dis verganklik; dit maak nie eintlik saak nie; dit raak nie ons alledaagse lewe nie wie dan nou sokker- of rugbykampioen is of nie. Dis lekker om na te kyk, en ek self hou ook daarvan om so bietjie opwinding te beleef, maar “so what”?

En tog is hierdie atlete vir ons 'n voorbeeld van toewyding en volharding. As hulle dan só hard oefen en alles insit om 'n onverganklike prys te wen, hoeveel te meer ons wat strewende na 'n onverganklike prys! Dis 'n prys wat nie deur mense uitgedeel word nie of slegs voordele van menslike roem en eer behels nie, maar 'n prys wat die hemelse Regter en Koning van die kosmos sal uitdeel - en dit behels goddelike eer en heerlijkheid wat vir altyd en ewig sal voortduur.

Dis vergifnis van sonde wat jy nêrens anders kry as by die kruis nie - het jy vergifnis? Dis vryheid van wettlike voorskrifte en onderdrukking wat jy slegs by Christus vind want Hy skenk vir jou die kroon van die lewe uit genade alleen - het jy daardie Christus? Dis om jouself deur daaglikse stiltetyd en gebed in die verhouding met Christus te oefen wat jou vry maak om te doen wat Christus doen - het jy daardie lewendige, intieme verhouding met jou Vriend en Saligmaker Jesus? Dis ware vertroosting in lyding, innige blydschap in moeilikheid en diepe gemoetsrus in neerslagtigheid - waar vind jy dit anders as in HOM wat by jou is al die dae tot die voleinding?! Dis die gemeenskap van gelowiges waar jy bedien word deur die gawes van ander en waar jy dien met jou gawes soos in geen ander gemeenskap in hierdie wêreld nie - leef jy in daardie gemeenskap? Dit is die vreugde wat alle verstand te bowe gaan om iemand anders by Jesus uit te bring sodat ander die blydschap ervaar wat in Jesus gevind kan word - het jy al ander met Jesus in verbinding gebring?

En uiteindelik dis die vaste sekerheid dat wanneer hierdie lewe tot 'n einde kom dat die deure na die hemel vir my geopen sal word en ek die hemelse heerlijkheid sal ingaan soos die belangrikste gas wat ooit deur 'n koning ontvang is - het jy al daardie vaste sekerheid? Het jy al gesterf of vir ewig te lewe?

Die antwoord sal moet wees: ja. Want, liewe vriende, dit is wat **die doop** vir jou mag beteken: ek het gesterf vir sonde, dood en duiwel, en ek lewe in God die Vader, Seun en Heilige Gees. Om te sterf beteken soos Paulus sê: “Ek lewe, maar nie meer ek nie maar *Christus* in my.” Dit maak nie meer saak of my hart nou nog klop of nie - ek behoort aan Christus. Maar terwyl my hart nog klop, sal ek al my insette lewer om met Christus te lewe! En om ander vir Christus te wen.

Julle hoor dat ek as prediker ook vir myself preek. Elkeen het sy eie wedloop van die lewe...

Mag dit ons leuse wees vir hierdie komende jaar en vir die res van ons lewens: **ek leef vir Jesus want Jesus leef vir my**. En mag ons mekaar in hierdie wedstryd bystaan, mekaar bemoedig, vertroos, vermaan en bystaan totdat ons almal die doel bereik wat ons reeds ontvang het.

Maak dit saak hoe ek my tyd vul of vermors? Die Evangelielesing van Matt 20 en nou ook uit 1 Kor 9 sê baie duidelik: ja, dit maak saak! Moenie jou gawes en talente, en die potensiaal wat die Here vir jou gegee het, begrawe nie, maar woekker daarmee sodat die Heer van die hemele ook vir jou eendag sal sê: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer. (Matt 25:21+23) Amen.

Gebed: Here, baie dankie wat U in Paulus bewerkstellig het en die voorbeelde van atlete en toegewyde mense wat U vir ons gegee het. Here, ons begeer om hierdie voorbeelde te volg. Ons weet dat die tye waarin ons leef, beseer is. Daar is soveel afleiding, soveel ander stemme wat op ons aanspraak wil maak, soveel tyd wat ons mors. En dit kos 'n prys wanneer U in ons lewens inkom, dat ons sal afstand doen van dinge wat niks van waarde is nie, ja dat ons selfs van ons eie lewe moet afskeid neem, sodat U ons hele lewe kan herskep. Gee dat ons die kruis op ons kan neem en U sal volg, op u Woord sal luister en sal uitsien na die heerlijkheid wat net U sal gee.

En mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, die waak hou oor julle gedagtes en gevoelens in Christus Jesus, onse Here. Amen.